Administratief:

Leraar:	E-pos	Kontak:
Ds. Izak Liebenberg	ilieb@absamail.co.za	083 407 7858
Wihan Rossouw (Jeugwerker)	w.rossouw2@gmail.com	073 489 1414

Bankbesonderhede:

Vir direkte inbetalings:
-NG Gemeente Meyerspark
-Absa Bank, Rek.-nr. 070 580 470
-Tak-nr. 632005
As verwysing: Voorletters en van

Kaartfasiliteite : Kerkkantoor
Kaartfasiliteite is in die kerkkantoor beskikbaar vir alle transaksies

Fasiliteiteverhuring:

Vir die verhuring van stoele, tafels en lokale, kontak: **Andries Joubert by 078 257 9783.**

Afkondigings / Advertensies:

Indien u graag 'n afkondiging of advertensie in die Basuin wil plaas: Kontak **René Steyn** by die kerkkantoor. Of e-pos die inhoud na ngmeyerspark@absamail.co.za

Hulpbronne:

Vir enige boeke/dvd's/cd's vir uitleen, besoek gerus ons mediasentrum in die sysaal.
Oop: Sondae : 10:00—11:00

Kerkkantoor:

Tel: 012 803 1531
Faks: 012 803 9289

E-posse:
(**René** : Administratiewe Beampte)
ngmeyerspark@absamail.co.za
(**Beryl** : Finansiële Beampte)
ngmeyersparkfin@absamail.co.za
Kantoorure:
Ma-Vr: 08:00– 13:00
So: 10:00–10:30
(gedurende skooltermyne)

Maak kontak:

Wil u graag… Meer inligting oor die gemeente bekom/ by 'n kleingroep inskakel/ 'n afspraak maak met 'n leraar/ vra vir voorbidding/ getuienis lewer/ terugvoer gee of 'n saak onder ons aandag bring? Vul asb. 'n kontakkaartjie in en plaas dit in die kollektesakkie.

Meyerspark buurtwag:

Web: Buurtwag.co.za
E-pos: admin@buurtwag.co.za

Besoek ons webblad by www.ngmeyerspark.co.za

Die Basuin

Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan gekom het, het begin uitroep: "Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!". *(Matt 21:9)*

Afkondigings vir Sondag 23 Februarie 2020

Vir vandag:

EERSTE LYDENSWEEK

09:00 - **Erediens - Wihan Rossouw**

Geen Gesinsdiens in die saal. Almal woon die diens in die kerk by

Gebedsvoorlesing : Masedonië

Tee na erediens

10:00 - **Kategese : Josua**

10:00 - **Belydenisklas *(Drie-Eenheid)***

10:00 - **Mediasentrum oop**

10:00-10:30 - **Kerkkantoor oop**

Gebedsgids:

*Vir versoeke vir voorbidding, skakel gerus **René Steyn** by die kerkkantoor **(012 803 1531)** of vul 'n kontakkaartjie in.*

Die volgende lidmate het voortdurend u voorbidding nodig:
Chris le Roux (083 946 5751)
Rika Roodt (083 236 4038)
Riekie Booyse (072 458 0244)
Nils Anderson (012 803 2598)
Jan van Zyl (082 073 1901)

Bid asb vir:
Johan Pretorius wat ernstig siek is (072 204 0696)

Frank Boshoff (Snr) wat herstel na 'n operasie (073 928 0533)

Meegevoel: †Annette Wentzel, suster van Monica Anderson is oorlede

Gelukwensinge:

Namens die leraars, kerkraad en gemeente, hartlik geluk aan:

Dalene Rosseau van Kritzingerstr 288 was 93 op 17 Februarie

Fred Hartdegen Frangipanistr 311, met die 80ste herdenking van sy geboortedag op 24 Februarie (083 288 3370)

Ben van der Merwe van Fountainstr 257, met die 87ste herdenking van sy geboortedag op 24 Februarie (012 804 1111)

Joan Marais van Wilgers Aftreeoord 1146, met die 87ste herdenking van sy geboortedag op 25 Februarie (082 683 7594)

Beatrix Behr van Wilgers Aftreeoord 113, met die 83ste herdenking van haar geboortedag op 26 Februarie (082 770 9046)

Huisgeloofteks
Lees gedurende die week as gesin saam Rigters 16:4-21

Nuwe/Voornemende lidmate

Baie welkom in NG Kerk Meyerspark! Een van ons leraars wil u graag na die erediens voor by die kansel ontmoet.

Hierdie week:

Maandag 24 Februarie

17:30 - **Bybelstudie vir vroue.** Almal baie welkom. Skakel Hermien (076 895 8855)

17:45 - **Versorg Bediening verg**

Dinsdag 25 Februarie

08:00 - **Personeelbyeenkoms**

09:30 - **Bybelstudie by Wilgers Aftreeoord - Ds Izak Liebenberg**

18:30 - **Bereik Bediening verg**

Woensdag 26 Februarie

07:00 - **Vroeë biduur** *(kerk)*

09:00 - **Ester Bybelstudie** by Greta Engelbrecht (012 803 0833)

09:00 - **Bybelstudie.** Almal welkom *(saal)* - **Prof Phil Botha 'n Reis deur die Psalms**

10:00 - **Senior Bediening in die saal.** *Kom ruil daardie witolifante in die huis uit.*

14:30 - **Bybelstudie by Willow Estate Ds Izak Liebenberg**

19:00 - **Verheerlik Bediening verg** *(konsistorie)*

Donderdag 27 Februarie

09:00 - **Vrouebybelstudie** *(sysaal)*

15:00 - **Middagbyeenkoms by Wilgers Aftreeoord**

Sondag 1 Maart ***(Getuienisfees)***

Tweede Lydensweek

09:00 - **Erediens - Ds Louis Brittz**

Geen Gesinsdiens in die saal. Almal woon die diens in die kerk by

Onthou asseblief ons motorwagte

Afkondigings / Advertensies:

Fasiliteringsproses

Ons hou graag die gemeente op hoogte met die vordering van die proses. Daar is reeds by die eredienste vorms uitgedeel waarop lidmate op 'n paar vrae kon antwoord, want ons wil ook hoor wat die gemeente sê. 'n Bestuurspan is aangewys om al die antwoorde op die vorms te lys en te groepeer sodat ons 'n idee kry waaroor stem lidmate die meeste saam. Al die antwoorde word na die byeenkoms van **Saterdag 14 Maart** geneem waar dit deel sal vorm van die bespreking en beplanning wanneer die gemeente saam gesels oor die pad vorentoe.

Die bestuurspan bestaan uit ses lede van die kerkraad en drie vrywilligers uit die seniors wat kom help. Die volgende groot stap is die beplanningsgesprek op **Saterdag 14 Maart** van **08:00 tot 12:00** in die saal. Wie woon by: kerkraadslede, verteenwoordigers uit al die bedieninge, personeel, almal uit die gemeente wat deel wil wees van so 'n gesprek. Die fasiliteringsproses word gelei deur dr Lourens Bosman.

Ons het een vriendelike versoek dat almal wat die geleentheid wil bywoon asb vooraf die kerkkantoor laat weet sodat ons 'n idee het vir hoeveel mense ons moet gereed maak. Ons reël verversings vir die dag en as daar dokumente is wat voorberei moet word, moet ons weet vir hoeveel om voorsiening te maak.

Aandag alle dienswerkers

Die Goeie Nuus en ander uitdeelstukke vir Maart is beskikbaar in die konsistorie.

Hierdie boeke is besonders!

***Oor 'n motorfiets, 'n zombiefliek en lang getalle wat deur 11 gedeel kan word* – Jaco Jacobs**

Jaco Jacobs het min bekendstelling nodig. Hierdie Bloemfonteinse skrywer van kinder- en tienerboeke wen prys op prys met boeke met titels soos *Superskurk, 101 Vakansie Grappe* en *'n Goeie dag vir boomklim*. Die mediasentrum kan hierdie een met sy lang titel aan 'n jong tiener leen.

Jesus-liedjies – hierdie kleurvolle boek met CD sluit gunstelinge in soos *Laat ons skyn vir Jesus, Stapsoldaatjie* en *As Hy weer kom. Die boek bevat nie net die lirieke van elke lied nie, maar ook die bladmusiek en musiek sonder lirieke vir saamsing.*

Besoek die Mediasentrum gerus direk na die diens in die sysaal, en kyk na ons versameling boeke, DVD's en CD's. Bring gerus ook jou koppie tee of koffie en ontspan met 'n boek terwyl jy vir 'n kind wag.

#Imagine Kamp

Knoop **27 tot 29 Maart** in jou oor. Dit is die naweek van die #Imagine Experience kamp! Hierdie kamp is begin deur NG dominees wat 'n leemte gesien het in tienerbediening en het uitgekring tot 'n landswye interkerklike kamp.

Hier sluit tieners en jeugleiers aan by 'n dinamiese program wat bestaan uit wonderlike geleenthede vir geestelike groei, motiveringspraatjies, onvergeetlike aanbiddings, multimedia-aanbiedings, werkswinkels, groepsbesprekings, berading, viering gemeenskap, en lekker aktiwiteite. Kom leer, lag en ervaar Christenskap soos nog nooit tevore nie! #Imagine Experience motiveer ook jongmense om betrokke te wees by gemeenskapsaktiwiteite waarmee plaaslike organisasies en kerke sal voortgaan.

Meer inligting sal volg soos dit bekend gemaak word.

Die Kerkraad het op sy vergadering van 17 Februarie 2020 besluit dat daar voortaan op Kersdag net **een diens** om **08:00** sal wees.

Koop-'n-Bybel-Gee-'n-Bybel

Voor in die kerk/saal is 'n **Ndebele Bybel** gratis beskikbaar. Enigeen kan dit neem om vir iemand te gee wat nie 'n Bybel het nie.